NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 20 SEPTEMBER 2020

SESTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK
Heropening van Eredienste en bedieninge

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK
EKSODUS 17:1-7, PSALM 78:1-4, 12-16
FILIPPENSE 2:1-13, MATTEUS 21:23-32

SONDAG, 20 SEPTEMBER
Aanlyn Erediens. Prediker: ds Johan Morkel
MAANDAG, 21 SEPTEMBER
19:00 Sportmanne Bybelstudie – byeenkoms in konsistorie 19:00 Vrouelidmate Bybelstudie – byeenkoms in Moederskamer
DINSDAG, 22 SEPTEMBER
18:00 Dinsdag Mannegroep – byeenkoms in Moederskamer Kooroefening – begin 29 September 2020
WOENSDAG, 23 SEPTEMBER
09:30 Vroue Bybelstudie – byeenkoms in Konsistorie
DONDERDAG, 24 SEPTEMBER
ERFENISDAG **Sopkombuis**: Geen sopkombuis agv Vakansiedag
VRYDAG, 25 SEPTEMBER
09:30 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer – almal welkom
SATERDAG, 26 SEPTEMBER
SONDAG, 27 SEPTEMBER
SEWENTIENDE SONDAG IN LYDENSTYD 09:00 Oggenddiens in Kerkgebou Kontak Kerkkantoor om plek te bespreek. Protokolle sal gevolg word. Geen Aanddiens

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Ons benodig enige grootte glasflessie of potjie om produkte in te lê. Dit kan Dinsdae oggende by die Drop & Go of by die kerkkantoor gedurende die week afgegee word.
2. Indien jy enige wol het wat jy kan skenk vir die brei van mussies, truitjies, serpies, ens, kan jy dit op Dinsdae oggende by die Drop & Go of by die kerkkantoor gedurende die week afgee.
3. Lidmate is steeds welkom om enige tweedehandse klere, beddegoed, ens. na die kerk te bring vir die klerebank. Boeke en tydskrifte word ook benodig.

HERVATTING VAN EREDIENSTE

In lyn met die regering se aankondiging dat die inperkingsmaatreëls na vlak 1 verlaag word, het De Eike se kerkraad besluit om vanaf Sondag 27 September die oggenddiens te hervat. Aanvanklik sal daar nie Kinder- en kleuterkerk wees nie, ook nie ‘n aanddiens nie. Die kategese sal dus ook nie plaasvind nie.

Die diens begin om 09:00 (nie 09:30 soos op die almanak nie).

BAIE BELANGRIK!!! Bywoningsgetalle word beperk tot 250. Almal wat die diens wil bywoon moet dus vooraf hul plek bespreek by die kerkkantoor gedurende kantoorure. Besoek hulle of kontak hulle telefonies by 021 903 3818.

GEMEENTENUUS

1. Frank Hitchinson (Verreweidestraat) en Bernhard de Clerk (Pappeastraat) vier hul 80ste verjaardae die week. Baie geluk.
2. Lize Smit, dogter van Werner en Edna Smit, (Kameeldoringstraat) tree Sondag 20 Sept in die huwelik met Werner Meyer.
3. Raylene Pitt-Bowers (Linkwoodstraat) het ‘n operasie ondergaan.
4. Corla Gericke (Krisant Singel) gaan weer die week terug dokter toe.
5. Sarien Smuts (Grysbokstraat) het ‘n draai in die hospitaal gemaak.
6. Ralie Marais (Othello) het die afgelope week ‘n skoueroperasie ondergaan. Alles het goed afgeloop.
7. Adam Boshoff (Othello) sterk aan na ‘n skoueroperasie.
8. Arina du Plessis (Othello) sterk tuis aan na ‘n heupvervangingsoperasie.
9. Anton en Corrie Swanepoel (Taaibosstraat) se dogter is in die afgelope week oorlede.
10. Sonja Burrows (Bokmakieriestraat) se pa is tans in die hospitaal.

EHW SMIT-BEURS

Aansoeke om die bogenoemde beurs word tans ingewag van voornemende, behoeftige studente in teologiese studie wat die goedkeuring van die NG Kerk wegdra en wie se ouers in die landdrosdistrik van Kuilsrivier woonagtig is.
Aansoekvorms is by die kerkkantoor (Moedergemeente) beskikbaar (tel. 021 903 1529).
Sluitingsdatum vir aansoeke: 30 September 2020.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

20/09 Elfred Moore, Ingrid Lesch, Erica van der Westhuizen
21/09 Marietjie Mostert, Francois van Eeden, Bettie van Zyl
22/09 Annelie Marais, Frank Hitchinson, Rassie Visser, Sophie Gourrah, Ané Botes, Annie Erasmus
23/09 Bernhard de Clerk, Gertruid van Jaarsveld, André Schreuder, Divan Strydom
24/09 Johan Nel, Janita Brits, Jacques Pienaar
25/09 Marcelle Schreuder, Celésti van Zyl, Hannes Matthee, Leeanne de Wit, Pop Swart, Janelle Smit
26/09 André Smuts, Dori-ann Schäfer, Gerhard Swart, Jannie Carstens, Carli Carstens, Amia Bartin

HUIS DE KUILEN

Huis De Kuilen hou op Vrydag 2 Oktober ‘n Boerewors en Poeding Verkope teen slegs R40.00

Alle bestellings en betalings moet teen 28 September 2020 inbetaal word.
Afhaal van bestellings is tussen 13:00-16:00 by die tehuis in Skoolstraat.

Bank besonderhede vir EFT betalings.
Absa Bank
Lopende Rekening
Reknr: 4052279362
Verwysing: Naam & Van Boerewors verkope

BAIE DANKIE

Baie dankie aan elkeen se gelukwensing tydens my verjaardag.

Ek waardeer dit regtig baie.

Chris Barnardo

BYBELS

Tydens Pinkster is die bedrag van R15 545 ontvang. Ons sê weereens baie dankie aan almal wat bygedra het. Soos in die verlede is donasies gemaak aan Die Bybelgenootskap van Suid Afrika en die Gideons. Ons het ook weer Afrikaans, Engels en Xhosa Bybels aangekoop om in die gemeenskap te verspei. As jy weet van ‘n huishulp, tuinier, karwag, petroljoggie, ens wat graag ‘n Bybels sal wil ontvang, kom haal gerus een by die kerkkantoor. Maksimum 2 Bybels per lidmaat

DE EIKE SE “DROP & GO” – PROJEK

Dinsdagoggend 22 September 2020, kan jy weer tussen 10:00 en 11:00 jou bydrae tot De Eike se koskas in ’n sakkie op De Eike se parkeerterrein kom aflaai. Piet Rootman en Tim sal daar wees om die voorraad in ontvangs te neem. Lidmate is ook welkom om enige finansiële bydraes te bring, kwitansie sal uitgereik word. Gebruik die motorhek aan die torings se kant. Hierdie reëling bly van toepassing tot verdere kennisgewing.

Maak gebruik van hierdie geleentheid om broers en susters in nood te help. Ons sal die voorraad in die voorraadkamer gaan pak waarna kospakkies opgemaak en volgens behoefte afgelewer sal word.

As jy bewus word van ’n lidmaat in nood moet jy asb. onmiddellik jou wyksleraar of blokleier hieroor inlig. Ons kan nie toelaat dat enigiemand in hierdie tyd van inperking honger ly nie.

Bydraes kan deur die loop van die week ook by die kerkkantoor afgegee word.

Die volgende items word benodig:

- Konfyt of stroop
- Sout en peper
- Kookolie
- Wit en bruin asyn
- Margarien
- Toiletware
    - Shampoo
    - Deodorant
    - Wet wipes
    - Sneesdoekies
- Skoonmaakmiddels
    - Waspoeier
    - Wasgoedseep

Betanddele waar ons voorraad laag is:

- Melk
- Suiker
- Blikkies
    - Ertjies
    - Gemengde groente
    - Mielies
    - Bully Beef
    - Vis in Tamatiesous
- Blatjang
- Tamatiesous
- Skottelgoedseep en ander reinigers

PREEKSKETS – 20 SEPTEMBER 2020

TEMA: Is die Here by ons of nie?

Prediker: Ds Johan Morkel

Skriflesing: Eksodus 17:1 – 7

Inleiding: Gelowiges deur die eeue sou met die situasie van die Israeliete in Eks.17 kon identifiseer.

1. Moses het hulle oortuig dat die God van Abraham, Isak en Jakob vir hulle ‘n nuwe toekoms wil gee. Nou ontbreek dit hulle aan die mees basiese, water!

1.1. Was ons nie almal al by die punt waar ons onsself in dieselfde werklikheid bevind as Israel by Refidim nie?

1.2. Dit is maar net ander omstandighede wat ons by ‘n punt bring waar ons vra, “Is die Here by ons/met my of nie?”

2. Skrifverklaarders wys daarop dat die woord wat die Israeliete hier gebruik om uitdrukking te gee aan hul ontevredenheid, daarop dui dat die volk vir Moses en die Here aankla.

2.1. Het jy nie ookal met vrae voor God gestaan, omdat jy doodeenvoudig nie verstaan hoe die Here in jou situasie inskakel nie?

3. Die Here was nie vir Israel kwaad toe Moses die probleem voor Hom gebring het nie.

3.1. Die Here het die wonder laat gebeur dat water uit klipharde rots gevloei het.

4. Hoe sou mens hierdie gedeelte toepas? Die werklikheid is dat dit tog nie altyd in die gelowige se lewe uitwerk soos hier by Refidim nie.

4.1. Ek wil eerder die vraag aan julle vra. was die Here heeltyd by Israel of nie?

4.2. Is die Here heeltyd by ons, of nie?

4.3. Is die Here slegs in tye van voorspoed by ons?
Of is Hy ook in tye van teenspoed by ons?

4.4. Ons maak die Here se teenwoordigheid afhanklik van hoe dit met ons gaan!

5. Die punt is: Die Here is altyd by sy kinders, ook as hul roep ”Is die Here by ons of nie?” Daarom wil ek vanoggend vir jou sê: Die Here is altyd by jou, ook in jou moeilike tye, jou Refidim tye.

6. Dit is nie asof alles na hierdie gebeure by Refidim vir Israel voor die wind gegaan het nie. Hulle sou weer in situasies kom waarin hulle gewonder het oor die teenwoordigheid van God.

6.1. So ook ek en jy. Ook ons sal weer op ons lewensreis in situasies kom waar ons vra. Is die Here by ons, my of nie? Situasies waar ons geloof uitgedaag word.

6.2. Is die Here by ons of nie? Natuurlik is die Here by ons, nou en tot in ewigheid.